Preekreeks: Die gelykenisse van Jesus (5)

Wat leer die gelykenis van die gasheer en die maaltyd ons van God se koninkryk?

25 Aug. 2019 / Nagmaal

Lukas 14 15-24

Skriflesing en Prediking: Lukas 14 15-24

1.

Hoe interpreteer jy die gelykenis van die groot maaltyd? Wat is die boodskap van die gelykenis?

Tradisioneel was die gelykenis van die groot maaltyd op twee maniere geïnterpreteer. Beide die benaderings tot die gelykenis is van waarde en het ons baie om te leer van die geloof en ons verhouding met God en met ons naaste. Terselfdertyd het die gelykenis ons iets te vertel oor die gebruik van die Nagmaal.

2.

Gedurende die afgelope 4 weke het ons egter Jesus se gelykenisse ook vanuit ’n ander hoek benader en gelees.

Kan ons die gelykenis vanuit ’n ander hoek benader? Kan ons die gelykenis op so ’n wyse lees dat dit ons iets van God se koninkryk leer?

Definitief. Een van Jesus se hooftemas was die koms van God se koninkryk. Hy het deurgaans sy hoorders daaroor geleer deur gebruik te maak van gelykenisse.

3.

Om hierdie kragtige boodskap te ontdek gaan ek elkeen van julle vra om baie spesifieke situasie te verbeel.

Verbeel vir een oomblik dat jy groot bring en braai gaan hou? Jy nooi die bure, die vriende, jou familie en selfs die mense van die werk. Op die dag van die groot kuier sien jy die een boodskap na die ander op jou selfoon en die boodskap is elke keer die selfde – nie een van jou vriende of familie kan die braai bywoon nie.

Wat ervaar jy indien so iets met jou gebeur?

4.

Presies dit gebeur met die gasheer waarvan ons in die teksgedeelte lees.

Ons lees dat hy op ŉ dag ŉ groot fees hou. Daar word baie mense genooi en ons kan aanneem dat elkeen van ŉ hulle welgesteld is. Ons kan dit met sekerheid sê omdat die gasheer ŉ slaaf besit (slegs baie ryk mense het slawe gehad). Verder kan ons aflei dat die mense deel maak van elite van daardie tyd aan die hand van verskonings wat die gaste gee. Slegs die rykstes het groot stukke grond of 5 paar osse gekoop.

Dan gebeur ŉ verskriklike ding. Die gasheer hoor dat nie een van die mense wat hy uitgenooi het die fees kan bywoon nie. Ons hoor slegs van die 3 verskonings. Ons moet egter onthou dat hy baie ander mense ook uitgenooi het.

Die vraag is: **Hoekom woon die mense nie die partytjie by nie? Is hulle verskonings geldig? Wat van al die ander mense wat hy ook uitgenooi – hoekom woon hulle nie die fees by nie?**

5.

Sien ŉ mens die gelykenis as ŉ toneelstuk wat bestaan uit verskillende momente of gedeeltes besef ŉ mens dat iets kort. Daar is inligting wat nie vir ons weergee word nie. Iets gebeur agter die skerms.

Wat gebeur agter die skerms waarvan ons nie weet nie?

Nadat al die gaste die eerste uitnodiging na die fees gekry het sou hulle in dae wat volg met mekaar die uitnodiging bespreek het. Vanuit ŉ wetenskaplike oogpunt noem ons die gebruik die *skindernetwerk*.

Nadat die gaste die gasheer en sy uitnodiging bespreek kan ons aflei dat hy die toets dop. Hy is deur sy gemeenskap, sy eweknieë, geweeg en geheel en al te lig gevind. *Dalk was hy nie ryk genoeg nie. Dalk was status of reputasie onvoldoende? Dalk het hy nie die regte mense geken nie?*

So gesien is die verskonings wat gebied word eintlik onbelangrik. Wat wel saak maak is dat die man probeer het om die sosiale spel te speel en uiteindelik verloor het.

Nou kan ons hopelik ook verstaan hoekom hy so kwaad word.

Hoe sou jy voel as jy in die man se skoene was? Jy hoor later dat jy agter mense se rûe bespreek is en dat daar saam besluit is om nie die kuier by te woon nie?

6.

Die reaksie van die gasheer in die gelykenis is merkwaardig.

Hoe reageer hy nadat hy deur die rykes en die belangrikes verwerp is?

In plaasvlak om op ʼn later stadium weer die rykes en belangrikes te probeer beïndruk neem hy ʼn radikale besluit. Hy neem ʼn besluit wat hom vir altyd in hulle oë onaantasbaar sou maak. Nadat hy die besluit neem sou hy nooit weer in die geselskap van die kamstige elite van sy tyd kon wees nie.

Hy stuur sy slaaf uit na die strate en gangetjies van die stad om die randfigure (armes, blindes kreupeles en verlamdes) van die gemeenskap te nooi na sy fees toe. Toe daar nog plek is aan sy tafel stuur hy sy slaaf selfs na buit die stad, na die paaie en die lanings, om by die mense daar aan te dring om by sy tafel aan te sluit

7.

Wat probeer Jesus vir ons vertel van God se koninkryk?

Hier lees ons van ʼn man wat ʼn **<u>hartsverandering</u>** ondergaan. Hy beleef ʼn stuk **<u>ontnugtering</u>**. Aan die hand van die negatiewe ervaringe maak hy ʼn radikale besluit. Hy kies teen die koninkryke van die wêreld en hul reëls (geld, status, aansien en reputasie) en vir God se koninkryk (waar elkeen, ongeag, kan deel wees).

As burger van God se koninkryk gooi hy die deure van sy huis oop en deel hy sy oorvloed met ieder en elkeen – selfs die mense wat oorspronklik nie deel was van sy portuurgroep nie.

As burger van God se koninkryk verwelkom hy nie net die randfigure aan sy tafel nie, maar voed hy hulle ook. Hy voorsien in hulle behoeftes.

Wat beteken dit vir jou en my?

Omdat God ’n keuse vir jou gemaak het deur Jesus se koms na die wêreld moet ek en jy ook ’n keuse maak vir God en sy koninkryk en die manier van doen in die ryk. Omdat ons deel het aan Jesus en aan Sy tafel mag aansit (ten spyte van ons sonde en skuld) maak ons ’n keuse vir God se koninkryk.

In praktyk beteken dit dat ons die wat hoger is, moet opsoek en hulle moet voed. Dit beteken dat ons die wat emosioneel, geestelik en fisies uitgehonger is, moet vind en moet bystaan.

Maak ons ons huise, ons werke ons kerke op die wyse oop word God se koningryk sigbaar hier en nou.